Redaksioneel

In hierdie uitgawe

Hierdie uitgawe bevat in 'n groot mate materiaal wat handel oor die uitdra van die evangelie, naamlik oor die wyse waarop die evangelie bedien moet word (Bingle); oor die geroepenes wat die evangelie moet bedien (Venter, Van der Linde); oor die relevansie van die evangeliebediening vir die samelewing (Van Wyk) en oor figure en gesindhede rondom die uitdra van die evangelie (Louw). Verder diskusseer prof. M. A. Kruger met prof. Cilliers Breytenbach oor die versoening. Ons vertrou dat ons lesers die artikels stimulerend sal vind.

U vind in hierdie uitgawe ook 'n indeksering van *Kerkblad*-artikels soos opgestel deur prof. H. Venter. Veral vir kerkhistoriese navorsing – maar ook vir ander – sal dit van groot waarde wees. Ter wille van groter bruikbaarheid en hanteerbaarheid verskyn dit as byvoegsel.

Jaarvergadering GTV

Op 11 Augustus is die tweejaarlikse vergadering van die GTV in Annlin, Pretoria gehou. Dr. J. M. Vorster het 'n voordrag gelewer oor *Die roeping van die Gereformeerde Kerke in die Suid-Afrikaanse politiek* en ondergetekende oor *Kerkeenheid: 'n Perspektief op die verhoudinge in die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika*. Op eersgenoemde voordrag het ds. M. J. Booyens en op laasgenoemde voordrag ds. C. D. Jaftha gerespondeer. Dit was 'n aangename en verrykende byeenkoms waartydens openhartig en opbouend gediskusseer is. Ons hoop om die voordragte ter gelegener tyd te publiseer.
Die vergadering het ook met dank goedkeurend kennis geneem van die jaarverslag van die hoofredakteur.

Hoofbestuur GTV

By dieselfde geleentheid is 'n nuwe hoofbestuur soos volg saamgestel: drr. J. M. Vorster (voorsitter), A. N. Helberg (ondervoorsitter), J. L. Venter (sekretaris), N. P. Heystek en C. J. Smit (addisionele lede). Ons wens die nuwe bestuur van harte geluk asook veel seën toe en spreek terselfdertyd 'n dankwoord uit aan die vorige bestuur vir alles wat hulle gedoen het.

J. H. van Wyk.